higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

29 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

125Q1B2029

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend en moet deur alle kandidate beantwoord word.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Al die antwoorde moet volsinne wees, tensy anders aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter van die volgende word nie as ’n regsbron beskou nie?

A Wetgewing
B Gemenereg
C Siviele reg
D Die Grondwet

1.1.2 Ingevolge ’n verkoopskontrak is een van die pligte van ’n koper om die ... te betaal.

A hoofskuld
B belastings
C finale bedrag betaalbaar
D ooreengekome prys

1.1.3 ’n Kranksinnige persoon het handelingsbevoegdheid ...

A en kan ’n geldige kontrak sluit.
B om slegs vir iemand behalwe hom- of haarself kontrakte te
C sluit.
D slegs wanneer hy of sy deur ’n regtens aangestelde persoon bygestaan word.
wat hom of haar beperk tot die tipe kontrakte wat hy of sy mag aangaan.

1.1.4 ’n Kredietooreenkoms is ’n groot ooreenkoms as dit ’n ... is.

A pandtransaksie
B verbandooreenkoms
C beleidooreenkoms
D lening van minder as R15 000.

1.1.5 Watter van die stellings hier onder is nie ’n vereiste vir ’n huurooreenkoms nie?

A Huur moet in geld betaal word.
B Die betalingstyd word gewoonlik in die kontrak bepaal.
C As die huurder nie huurgeld betaal nie, is dit kontrakbreuk.
D Die huurder kan enige tyd weier om huurgeld te betaal.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Met verwysing na ’n huurooreenkoms beteken sessie:

A Later intredende onmoontlikheid van prestasie
B Verstryking van die gespesifiseerde termyn van ’n huurkontrak.
C ’n Derde party kry nou die okkupasiereg.
D Insolvensie van die huurder.

1.1.7 ’n Werknemer, Cathy, het geboorte gegee. Sy is daarop geregtig om ... verlof te neem.

A jaarlikse
B siekte-
C gesinsverantwoordelikheids-
D kraam-

1.1.8 Zikona wil haar huis aan Xolani verhuur, terwyl Zikona dink sy koop die huis by Xolani. Hierdie misverstand is ’n voorbeeld van ’n dwaling *in*...

A *corpore*.
B *substantia*.
C *negotio*.
D *persona*.

1.1.9 Watter stelling hier onder is ’n formaliteit met betrekking tot ’n geldige ooreenkoms?

A ’n Illusie word geskep dat ’n ooreenkoms plaasvind.
B *Traditio brevi manu* is ’n term wat in alle ooreenkomste
C voorkom.
D ’n Kontrak moet op skrif gestel wees of dit kan mondeling aangegaan word.
Afstanddoening van regte kan by ’n ooreenkoms ingesluit of uitgesluit word.

1.1.10 ’n Kredietverskaffer kan slegs ... hef.

A vir NKW-beperkings
B aanvangsgelde wat jaarliks verhoog
C vasgestelde rente bereken op die uitstaande bedrag
D diensgeld van R100,00

(10 × 1) (10)

1.2 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 (Moord/dronkbestuur) is ’n gemeenregtelike misdryf.

1.2.2 (Ernstige voorneme/konsensus) help om kontrakte te klassifiseer.

1.2.3 Om (binne/buite) gemeenskap van goed getroud te wees, beteken die boedel is onderhewig aan die aanwasstelsel.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 (Natuurlike/regs-) persone sluit alle menslike wesens in.

1.2.5 ’n (Kredietverskaffer/kredietburo) sluit banke en mikroleners in.

1.2.6 ’n Plig van die (huurder/verhuurder) is om huurgeld te betaal.

1.2.7 In ’n (straf-/siviele) saak verskyn die staat teenoor ’n beskuldigde.

1.2.8 (Onderdane van ’n vyandelike staat/regspersone) het volle kontraktuele bevoegdheid, maar het nie handelingsbevoegdheid nie.

1.2.9 (Verkwisters/besope persone) het beperkte handelingsbevoegdheid.

1.2.10 Kredietooreenkomste (mag/mag nie) ‘voetstoots’-klousules bevat nie.

1.2.11 ’n (Verbiedende/gebiedende) interdik word deur ’n werknemer bekom om te verhoed dat die werkgewer hom of haar dwing om lang ure te werk.

1.2.12 (Handels-/inheemse) reg staan bekend as kommersiële reg.

1.2.13 ’n (Ius in personam/ius in rem) staan bekend as ’n persoonlike reg.

1.2.14 (Ratio decidendi/stare decisis) beteken dat die howe ’n vorige beslissing navolg.

1.2.15 Die (Hoë Hof/Hoogste Hof van Appèl) het jurisdiksie in hul geografiese gebied.

(15 × 2) (30)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n term of konsep in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Contra bones mores	A	Publiekreg
1.3.2	Insidentele kredietooreenkoms	B	teen die goeie sedes wat die samelewing voorskryf
1.3.3	Caveat emptor	C	Nasionale Kredietwet
1.3.4	Strafreg	D	Koper, pas op!
1.3.5	NKW	E	Aanvangsgelde mag nie gehef word nie
		F	Nuwe Kredietooreenkoms
		G	Staatsreg

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Jou vriend Thembi nader jou om regsadvies. Sy huur ’n woonstel waarvan die dak erg tydens die reënseisoen lek. Ten spyte daarvan dat sy die probleem onder haar verhuurder se aandag gebring het, weier laasgenoemde om iets daaraan te doen. Thembi voel dat haar regte as ’n huurder in hierdie verband geskend word. Aangesien dit ’n duidelike geval van kontrakbreuk is, adviseer Thembi oor wat sy in die huidige omstandighede kan doen.

Identifiseer en verduidelik kortliks DRIE remedies waarop Thembi kan steun. (3 × 2) (6)

2.2 Bespreek die beginsel ‘huur gaat voor koop’ onder die volgende opskrifte:

2.2.1 Betekenis van hierdie term in die algemeen. (2)

2.2.2 Betekenis van hierdie beginsel vir die huurder. (2)

2.2.3 Uitwerking van hierdie beginsel op kort- en langtermynhuurkontrakte.

WENK: Duidelike onderskeid moet tussen kort- en verskeie langtermynhuurkontrakte getref en gewys word. (3 × 2) (6)

2.3 Aangesien jy nie vir die vervoertoelaag ingevolge die studentebeursskama-bepalings kwalifiseer nie en redelik ver van die kampus woon, oorweeg jou ouers dit om vir jou ’n klein motor te koop. Voordat sy dit doen, wil jou ma hê dat jy die verskillende finansiële uitgawes, soos van toepassing ingevolge die NKW, ondersoek en haar daaroor inlig. Jy het nou al die tersaaklike inligting ingesamel.

Noem SES items wat ’n kredietverskaffer kan hef. (6)

2.4 Met verkoopskontrakte is dit belangrik dat sowel die koper as verkoper die risiko/risiko’s bestuur wat met sodanige ooreenkoms gepaard gaan.

Bespreek die onderskeie reëls rakende die oorgang van risiko onder die volgende opskrifte:

2.4.1 Indien lewering moet plaasvind. (2)

2.4.2 Indien toevallige verlies plaasgevind het. (2)

2.4.3 DRIE omstandighede waarin die risiko nie op die koper sal oorgaan nie.

(3 × 2) (6)

2.5 Indien ’n geldige verkoopskontrak gesluit word, wat kan die koper kragtens die remedie *actio redhibitoria* eis of nie eis nie? (4 × 2) (8)

2.6 Verduidelik die doel van die Nasionale Kredietwet (34 van 2005). (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Edgar dreig om Jimmy se dogter te ontvoer en ’n losprys te eis indien Jimmy weier om ’n lening aan Edgar toe te staan. Jimmy stem in.

3.1.1 Verduidelik of die ooreenkoms tussen Jimmy en Edgar nietig of vernietigbaar is. (2)

3.1.2 Verstrek ’n geskikte rede vir jou antwoord op VRAAG 3.1.1 hier bo. (2)

3.1.3 Aangesien daar konsensus in die bostaande scenario was, kan die situasie as een van dwang beskryf word?

Sê 'ja’ of ‘nee’ en gee ’n geskikte rede vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

3.1.4 Adviseer Jimmy oor EEN remedie tot sy beskikking rakende die bostaande ooreenkoms. (2)

3.2 ’n Basiese dienskontrak behoort voorsiening te maak vir die toestaan van verlof aan sy werknemers.

Noem die tipe of kategorieë verlof wat tot ’n werknemer se beskikking is. (4)

3.3 Een van jou vriende, ’n student in N6 Finansiële Bestuur, het so pas gehoor dat hy suksesvol was in ’n onlangse werksonderhoud. Die onderneming, ’n bekende versekeringsmaatskappy, het hom ’n pos as ’n onafhanklike kontrakteur aangebied.
Hy vra jou om kortliks te verduidelik wat dit beteken om as ’n onafhanklike kontrakteur in diens te wees, omdat hy gedink het hulle sou hom ’n permanente pos aanbied.

Adviseer jou vriend dienooreenkomstig deur VYF eienskappe van die tipe werk en/of persoon te noem wat jou ’n onafhanklike kontrakteur maak. (5 × 2) (10)

3.4 Verduidelik kortliks die doel van die volgende wetgewing soos dit met indiensneming verband hou.

3.4.1 ‘Employment Equity Act’ (Wet op Diensbillikheid) 55 van 1998

3.4.2 Wet Op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

3.4.3 Wet op Vaardigheidsontwikkeling 30 van 1966

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.5.1 'n Huurder mag nie die (verhuurde) eiendom wangebruik nie.

3.5.2 Wetgewing beskerm huurders in die sin dat hulle nie onwettig uitgesit kan word nie.

3.5.3 Indien 'n huurder verlies ly, kan skadevergoeding nie geëis word nie.

3.5.4 'n Huurder moet die perseel aan die einde van 'n huurkontrak ontruim.

3.5.5 'n Huurkontrak vir 'n onbepaalde tydperk kan nie beëindig word nie.

3.5.6 In 'n huurooreenkoms het sessie dieselfde uitwerking as onderverhuring.

3.5.7 Daar is geen verskil tussen 'n ongeregistreerde langtermynhuurkontrak en geregistreerde langtermynhuurkontrak nie.

3.5.8 'n Huurkontrak kan slegs deur die verhuurder gekanselleer word.

3.5.9 Die stilswyende hipoteek met betrekking tot huurgeld is 'n beginsel wat die verhuurder beskerm.

3.5.10 Indien huurgeld betaalbaar gespesifiseer word, is dit altyd betaalbaar in geld.

(10 × 1) (10)

3.6 Zac werk vir XYZ Konstruksie. Hy is bekommerd oor sy gesondheid en veiligheidstoestande by die werk.

Verduidelik wat bedoel word met veilige en gesonde werksomstandighede kragtens die gemene reg. (6)

3.7 Gee VIER voorbeelde van dit waarna die reg oplet by die bepaling van die dominante kenmerke van 'n dienskontrak. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks die situasie tydens kontrakteringwan waar 'n teenaanbod gemaak word. (4 × 2) (8)

4.2 Definieer die *ex turpi causa*-reël. (4)

4.3 Bespreek die *par delictum*-reël. (4)

4.4 Noem die omstandighede waaronder ’n minderjarige ’n kontrak kan sluit. (4 × 2) (8)

4.5 Nelly en Danny beplan om te trou. Hulle is nie seker wat om te doen nie, dus nader hulle jou om advies. Hulle noem dat hulle gehoor het daar is ’n keuse wat betref hoe ’n mens in die huwelik kan tree ten einde al die bates te beskerm wat elke party na die huwelik bring. Hulle wil weet wat hul opsies is.

Verduidelik aan Nelly en Danny die drie maniere waarop of bepalings ingevolge waarvan ’n persoon in die huwelik kan tree. (3 × 2) (6)

4.6 Daar is geen beduidende verskil tussen die sluiting van ’n gewone kontrak en ’n dienskontrak nie.

Hoe kom ’n dienskontrak tot stand? Noem VIER aspekte. (4)

4.7 Bespreek kortliks die regte van die verbruiker ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005. (5 × 2) (10)

4.8 Noem DRIE spesiale tipes verkoopskontrakte. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks die breër betekenis van die term ‘nagwerk’ soos dit in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 uiteengesit en bespreek word.

WENK: Aspekte soos werksure en vergoeding moet genoem word.

(4 × 2) (8)

5.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.2.1 Die term *bona fide* beteken om te goeder trou op te tree.

5.2.2 Kredietverskaffers kan slegs kollektiewe koste hef.

5.2.3 *Traditio longa manu* beteken lewering met die lang hand

5.2.4 Skulde afkomstig van verhandelbare instrumente verjaar ná 6 jaar.

5.2.5 Condictio indebiti is ’n remedie waarvolgens betaling wat verkeerdelik gedoen is, teruggeëis kan word.

5.2.6 ’n Verkoopskontrak wat onderhewig is aan ’n opskortende voorwaarde, beteken die verkoper dra die risiko as die voorwaarde nie vervul word nie.

5.2.7 Die bepalings van die erfreg hou verband met ’n lewende persoon se boedel.

Kopiereg voorbehou

5.2.8 Ernstige wangedrag by die werksplek kan tot die summiere ontslag van ’n werknemer lei.

5.2.9 Kredietverskaffers sluit kleinhandelswinkels in.

5.2.10 ’n Aanvaarding van ’n oorspronklike aanbod moet onvoorwaardelik wees.

(10 × 1) (10)

5.3 Bespreek kortliks stilswyende emansipasie van ’n minderjarige. (5)

5.4 Verduidelik hoe ’n koper die eienaar word van ’n artikel wat hy/sy koop. (4 × 2) (8)

5.5 Bespreek of ’n advertensie ’n geldige aanbod is en noem ’n toepaslike saak. (9)

5.6 Gee DRIE voorbeelde van latente gebreke soos van toepassing op verkoopskontrakte. (3)

5.7 Beantwoord die volgende vrae wat oor kontrakbreuk handel:

5.7.1 Noem SES remedies tot die benadeelde party se beskikking. (6)

5.7.2 Gee enige voorbeeld van ’n instansie waar kontrakbreuk gepleeg is. (1)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou